## 21 Oktober 2 Timoteus 3:10-17 (3:17)

### *Die Bybel is genoeg*

Wie is hierdie man wat in diens van God staan?

Paulus skryf hierdie brief aan 'n jong dominee - Timoteus. Daar is egter eenstemmigheid onder die verklaarders dat hierdie woorde ook elke gelowige insluit, want elke gelowige word tog geroep om God se mens te wees, om in diens van God te staan. Die Bybel is deur God gegee om die mens van God - ek en jy - volkome te maak. Die implikasie is dat ons nog nie volkome is nie, dat daar nog baie by ons ontbreek. Die Bybel voorsien hierin. En ons word nie net volkome gemaak nie, maar ons word ook toegerus vir elke goeie werk. En die oorspronklike woord vir toerus beteken 'n baie volledige toerusting. Ons het dus vir ons geestelike lewe niks meer nodig as die Bybel nie.

Ons het waarskynlik almal al te make gehad met gelowiges en kerkgroeperinge waar mense dikwels sê: die Here het dit of dat vir my gesê. Die indruk word dan gewek dat die Here spesiaal aan so 'n gelowige verskyn het met 'n spesiale boodskap aan hom of haar. As die Bybel genoeg is om elke gelowige volkome te maak en volledig toe te rus vir elke goeie werk, hoekom sal die Here dit dan nodig ag om met spesiale boodskappe aan individuele gelowiges te verskyn?

Spesiale boodskappe aan individuele gelowiges bots mos met die uitdruklike woorde van die Here self dat die Bybel genoeg is, dat ons niks meer as die Bybel nodig het nie.

In 'n tyd waarin die versugting om emosionele belewing van jou godsdiensbeoefening al hoe groter word, kan ons opnuut verseker wees dat ons in die Bybel alles het wat nodig is!

Sing: Psalm 37:2, 23

Ds. H.J. Vermeulen (Bloempark)